

JAARVERSLAG 2017

REGULERENDE STELSLS EN ADMINISTRASIE

Johannes Langenhoven



2017 was voorwaar 'n mylpaal vir die genootskap wat betref sy regulerende stelsels.

Die Raad het in 2016 toestemming gegee dat die reëlboek en alles daarmee saam opgeknip mag word ten einde 'n meer gebruikersvriendelike produk daar te stel. Let wel opgeknip en nie verander word na goeie dinge nie. Die taak was dus om alle dupliseringe en weersprekings wat oor die jare ingeskryf soos nuwe reëls net bygevoeg is, uit te haal en die wat oorbly in 'n formaat weer te gee wat maklik lees, maklik verstaanbaar is en bowenal ook op die nuwe elektroniese weergawe van die webblad kan werk maar en uitgedruk kan word.

Die nuwe konsepdokumente was vroeg in Januarie reeds vir proeflees en aanbevelings aan raadslede gesirkuleer en die nodige klein veranderinge soos gebruiklik op die eerste vergadering van die jaar daarby aangebring. Nogtans was dit moontlik om die eerste weergawes op die Webblad te publiseer sodat alle skoue vir die jaar, beginnende by die Wes-Kaap Streekkampioenskappe op 18-20 Februarie onder dieselfde stel reëls vir die hele jaar kan plaasvind.

Hierdie reuse taak kon ons nie aanpak of hoop om klaar te kry sonder die baie spesiale vermoëns, talente en kwalifikasies van Dr. Petro Grové nie en die Raad wil haar ook so daarvoor bedank!

Tog is dit nog nie die einde nie en sal verskeie klein veranderinge aan die grondwet soos aan u gesirkuleer, tydens die AJV 2017 voorgelê word vir goedkeuring.

Dit is ook so dat daar gereeld versoeke kom vir reëlveranderinge veral deur mense wat graag ander lede in bedwang wil hou, maar dikwels nie self so baie van klein bepalings in reëlboeke hou nie. Die Raad sal bly poog om met so min verandering moontlik te volstaan.

Die aanpassings in die skouafdelings en kleredrag wat oor 'n paar jaar ingefaseer word, is nie sonder groeipyne nie maar is besig om mooi uit te kristalliseer en is reeds baie naby aan die voorgestelde raamwerk wat ons van die beoordelaars dinkskrum ontvang het drie jaar gelede. Die *Saddle Seat* afdeling as 'n ruiterskousport vorm vir die groeiende Vertoonperd afdeling, is baie goed ontvang en behoort van krag tot krag te gaan. Dit is natuurlik 'n onafhanklike sport soos bv. Skouspring en Dresseer en ons sal dus in die toekoms honderd persent volgens die eksterne internasionale reëls kompeteer. Dit is natuurlik ook 'n SANESA afdeling en bied 'n groot mark vir ons perde ras, sowel as die geleentheid aan veral ons jong ruiters om internasionaal te gaan kompeteer.

Die Keurings faset van die genootskap se regulerende stelsels funksioneer goed en vergelyk vêr bo die standaard van die meeste ander rasse in Suid-Afrika. Verskeie rasse het nou al by ons kom aanklop vir opleiding en kursusmateriaal. Voorwaar 'n pluimpie vir jarelange volharding in rasverbetering!

Baie dankie vir lede se samewerking en onthou "Binne die lyne van die speelveld is die wedstryd vir almal 'n plesier".

Johannes Langenhoven